TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 8|2|2020 — 9 Julie 2020

Uit die kantoor…

Dit was vir die onderwysers baie lekker om weer hierdie week die babbelende stemme van die Gr. 1, 2, 3, 6, en 7 leerders op die stoepe en in die klasse te kon hoor. Dit is mos hoe 'n skool moet klink. Alhoewel die leerders die eerste dag so bietjie senuagtig was, het hulle vinnig ontspan en was die gevoel van "pre lockdown" terug. Ek het net weereens besef hoe ongelooflik aanpasbaar kinders is. Dit is dikwels ons volwassenes wat langer vat om aan die "nuwe" normaal gewoond te raak.

Goeie nuus is dat toestemming verkry is dat Tjokkies kan voortgaan met ons beplanning om die Gr. 4- en Gr. 5-leerders volgende week te mag ontvang. Ons vra dus dat hierdie grade reeds op Vrydag, 10 Julie, soos volg sal aanmeld vir oriëntering. Toegang, slegs hek 4 (swembadhek).

Groep 1 vanaf 7:30 – 8:00	-	Verdaag om 10:00 by hek 4 (swembadhek)
Groep 2 vanaf 10:30 – 11:00	-	Verdaag om 13:00 by hek 4 (swembadhek)

Graad 4 & 5 se groep 1 begin dan amptelik op Maandag, 13 Julie, terwyl Graad 4 & 5 se Groep 2 op Maandag, 20 Julie sal begin.

Skooltye en toegang tot skool
Graag versoek ek ouers om by die reëlings te hou soos voorgeskryf in ons nuwe Covid-beleid.

Tye

- Skool begin vanaf 13 Julie om 7:30 vir alle grade. Grondslagfase verdaag om 13:00 en Seniorfase verdaag om 13:30

Toegangshekke

- Pre-Primêre Skool – klein hekkie: Slegs Gr. R
- Primêre Skool - hek 1: Gr. 1; 2 en 7
- Primêre Skool – hek 4: Gr. 3; 4; 5 en 6

  Ouers is welkom om na skool hul kinders by enige van die twee hekke te kom afhaal. Hierdie reëling van aflaaipunte word spesifiek getref omrede die leerders daagliks by hierdie hekke geskandeer moet word. Ouers word ook herinner om daagliks die vraelys op u kind se skanderingspaspoort te voltooi en daarby te teken.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Indien dit nie voltooi is nie, kan die kind nie toegang tot die skool verkry nie.

- Ouers wat Maandae en Vrydae die klerebank besoek, moet by sekuriteit inteken.
- **Geen ouers word toegelaat** om soggens hul kinders te vergesel na hul klasse nie.
- **Geen ouers word toegelaat** om in die middae vir hul kinders by die klasse te wag nie. Ouers kan hul kinders by die onderskeie hekke ontvang.
- Geen sluitkassies (lockers) sal vir die res van die jaar vir leerders beskikbaar wees nie.

Akademie – Basislyn-assessering
Soos reeds in vorige skrywes genoem is, sal die Gr. 4 tot Gr. 6-leerlinge 'n basislyn-assessering skryf om te bepaal op watter vlak die leerlinge is. Dit is egter belangrik om te weet dat hierdie assessering gedurende die week van 3 – 7 Augustus sal plaasvind. Om die minste ontwrigting te bewerkstellig en om vloeibaarheid te verseker, lyk die laaste week van die kwartaal se program as volg vir Grade 1 tot 7.

Groep 1 van alle grade: 3 – 7 Augustus	07:30 – 10:00
Groep 2 van alle grade : 3 – 7 Augustus	10:30 – 13:00

Neem kennis dat die skool nie vroeër vir Groep 2 op Vrydag, 7 Augustus, sal sluit nie, maar eers om 13:00 kan verdaag.
Die skool begin weer amptelik op 12 Augustus, vir Groep 2 en op 17 Augustus, vir Groep 1. Dit bring mee dat leerders van Groepe 1-en-2 dieselfde totale onderrigtyd ontvang.

Dankie vir u begrip en volgehoue samewerking. Weet verseker dat ons by Tjokkies sover as moontlik probeer om minimale ontwrigting te bewerkstellig.

Middagstudie
Middagstudie-fasiliteite is weer vanaf Maandag, 13 Julie, beskikbaar. Ouers sal 'n skrywe ontvang wat meer duidelikheid sal verskaf.
Ouers wat aangedui het dat hul weer van middagstudie-fasiliteite wil gebruik maak, moet daarop let dat hierdie leerders teen 17:00 by hek 4 afgehaal moet word.

Personeelsake
Dit is vir Tokkies hartseer om bekend te maak dat Mnr. Pieter du Preez (Gr. 6) 'n onderwyspos in Katar aanvaar het en dus Tjokkies verlaat aan die einde van die kwartaal. Ons wens hom alle voorspoed toe met hierdie besluit. (Sien vakature beskikbaar).

BELANGRIKE DATUMS
10 Julie: Oriëntering van Gr. 4- en 5.

13 Julie: Ontvang Groep 1 van alle grade.

20 Julie: Ontvang Groep 2 van alle grade

Verjaarsdae:
14 Julie: Mnr. Pieter du Preez (Gr. 6)

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

VAKATURE

TYDELIKE BEHEERLIGGAAMPOS

Tjokkies beskik tans oor die volgende tydelike Beheerliggaampos.
Graad 6 – Engels
Tydperk – 12 Augustus 2020 tot 15 Desember 2020 (met die moontlikheid van verlenging)

Posvereiste:
- Erkende onderwys-kwalifikasie.
- Geregistreer by die SAOR (SA Onderwysraad).
- Innoverende persoon met kennis van tegnologie en die gebruik daarvan in die klaskamer.
- Ervaring in die aanbied van Engels in die Intermediêre- en Seniorfase.
- Veelsydige persoon met toegewyde buitemuurse ingesteldheid waar afrigting van rugby en krieket ‘n sterk aanbeveling sal wees.
- Diensaanvaarding, 12 Augustus 2020.

Ter inligting:
- ‘n Markverwante salaris word aangebied.
- Handig ‘n volledige CV met kwalifikasies, dienservaring en sport- en kultuurkwalifikasies by die skoolkantoor in.
- Sluitingsdatum: Dinsdag, 21 Julie 2020 om 13:00
- Aansoeke word nie teruggestuur nie.
- Indien jy geen terugvoering teen 31 Julie ontvang het nie, aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was.
- Vir navrae skakel die skoolhoof by 051-5221371 of E-pos: office@tjokkies.co.za.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com